Negester

# STERRELIG

Nuusbrief van Negester Klein-Kariba Huiseienaarsvereniging Januarie 2022


## *LAG 'N SLAG*

# SLANGKOUS / KOUSSLANG

deur Gusta Hoare

Dit is warm. Somerwarmkry in die Bosveld. Sweet-warm in Negester. Dit is November en dit is slang-loop-maand. Dit was 'n Woensdag en Thomas, die tuinman, staan met 'n twee meter lange slangvel: van bo sy kop tot sy toon, toe hy die bangmaakding vir my wys.

'n Reuse "vervelsel"...Waar is die meneer aan wie die vel behoort...? Ons oë is groot en ons praat almal gelyk: " Wie...? Waar kry jy...? Wat se slang...?" Natuurlik word die vel bekyk...eintlik so 'n natuurwonderwerk, tot die twee ogies en neusgate se plekkies is daar.

Nou is ons rerig "opgestres"-in die vorige week en die week van die velgedoente was daar op die inwonersgroep heelwat boodskappe in die volgende trant: "Dankie Dawie! Dankie die slang is veilig hervestig! Dankie Dawie, jy is 'n ware slangvanger."

Met al hierdie in gedagte kom Thomas se geroep seker 'n skamele tien minute later: "Kom kyk ...hier is die slang – onder die buurman se dek!"
Almal kyk – natuurlik baie versigtig en op 'n afstand. Thomas sê: "Hy roer as ek hom met 'n klip gooi." Anna, huishulp staan ook nader... Ja, hy vreet 'n duif...daarom lê hy stil." Al vyf van ons sien sy eie bangmaak-prentjie. Die Loch Nessmonster kry lewe in my verbeeldingswêreld... en Dawie word gebel. Ons eie slangvanger. "Kom gou, bring jou slangvang-goete!" En... hy kom gou met al sy slang-goete: veiligheidsbril, emmer, slang-tang, flits en BAIE ervaring.

Hy neem waar...bekyk...kyk weer...flitslig aan...kruip onder die dek in, druk-druk aan die slang...knyp hom vas en trek hom uit... Wat 'n verligting! Alles verloop vlot! Dawie kruip uit...en wys sy vangs.

"n Kous!" moet ons lag of moet ons huil?" 'n Kousslang of 'n Slangkous!

*Verligting of verbasing, maak nie saak. Teleurgesteld wou ons nie raak.*
*Dawie is terug na sy pos.*
*Die slangvel en kous is by ons gelos!*

# Wysheid of Grysheid

Met die omdraai nadat ek die loft gesluit het staar ek in verwondering na die perfekte skildery van die Bosveld wat voor my verskyn. Vir ‘n paar minute staan ek roerloos om alles net in te neem. ‘Dankie vir die voorreg om hier te mag bly en vir die reën wat mens, dier en die aarde so nodig gehad het’. Ek kom agter dat ek hardop praat, glimlag en kyk of iemand naby is wat my kon hoor. Dis juis met die rondkyk dat ek die skadukolle op die grond sien en dan eers sien ek die wolke. In my geestesoog speel die prentjie af van die Israeliete wat deur die woestyn trek in die skaduwee van die wolkkolom wat die Here vir hulle teen die son gegee het.

Dieselfde aand kyk ek ‘n program op TV en sien ‘n advertensie wat my gedagtes vasgryp vir die res van die aand. Dit gaan oor ‘n akteur wat sit en dan verskyn daar venstertjies van wat mense op sosiale media van haar sê. Haar woorde op die einde is net: “Jy sê hierdie dinge omdat jy dink jy ken my..., maar sou jy dit gesê het as ek jou geken het”. ‘n Bord verskyn op die TV skerm: “WOORDE HET MAG”. Die volgende oggend het die advertensie my nog nie gelos nie. Ek stap later na die loft toe, want ek moet iets vir die Sterrelig skryf. ‘n Warboel van gedagtes vlieg deur my kop en voor ek oopsluit gaan ek op die boonste trappie sit.

Die eerste maand van die nuwe jaar is al byna iets van die verlede.... Mag 2022 vir jou seëninge in oorvloed bring van liefde, vrede, vreugde en gesondheid en mag ons altyd onthou dat woorde mag het. Kan ons vir mekaar ook ‘n plekkie in die son gun...of dalk meer gepas vir die Bosveld. Kan ons vir mekaar ‘n plekkie in die skadu van God se wolkkolom gun.

‘n Komma, of ‘n punt. Wat dink jy?...

Ria

# Manne van die Woord

Manne van die woord (MVW) is ‘n groep manne wat onder leiding staan van Manne van die Woord Suid-Afrika. Die sameroeper is Johan Nel, ook ‘n Negester inwoner. Vir hierdie manne is hulle geloof die middelpunt van hul doen en late.
Ons kom elke Donderdag om 06:00 bymekaar hier bo by die konferensiesaal.
Dit is ‘n interkerklike organisasie met die doel dat die manne mekaar kan ondersteun en bystaan met Christus as hulle middelpunt. By die byeenkomste bespreek ons verskeie baie aktuele, interessante en geskiedkundige onderwerpe en beskou dit alles uit die oogpunt van God se Woord. Daarmee soek ons voortdurend om deur God se Woord ons kennis te vermeerder en sodoende deur ons lewenswandel God se eer uit te leef.
Die byeenkomste het ‘n baie informele struktuur waar almal deel is van die besprekings en elkeen se sienings en opinies van groot waarde is. Die omgee is baie en daar word altyd met gebed ingetree vir ander waar dit moeilik gaan en God se genade so broodnodig is.
Die doel is ook om nog uit te brei hier op Negester en moontlik ‘n tweede groep op die been te bring, asook ‘n groep vir die vroue wat so ‘n kardinale rol in ons almal se lewens speel; so as daar nog mense is wat graag wil inskakel kontak asb. vir Johan Nel (Huis 374, tel. 083 227 2030).
Mag die nuwe jaar vol van God se genade wees en Sy liefde julle almal omvou.
Groete

MVW

# UIT DIE HEV KANTOOR

Die Kersseisoen is 'n tyd vir dankbaar wees en vir omgee vir ons medemens. Hier op Negester was dit duidelik ook 'n tyd van dankbaar wees dat diegene wat gely het onder die pandemie, so goed herstel het.

Daar was geen sterftes onder ons inwoners nie – en ons is dankbaar daarvoor. Ons is ook dankbaar vir sr. Delia wat moes bontstaan om te verseker dat al die siekes versorg is.

Dit was ook 'n tyd waartydens inwoners omgegee het vir hul medemens – mildelike bydraes is gemaak tydens die kerssangdiens vir Rusoord. Pragtige geskenkpakkies is ook opgemaak en bydraes het 'n aangename dag vir Huis Protea se dogters verseker.

Hier ter plaatse is die senior burgers bederf met 'n pakkie vol mooi kersversierde koekies. Vir die kleinkinders is daar hierdie jaar 'n spesiale kersboom geïnisieer. Pakkies vol omgeelekkers van ouma en oupa af, vrolike kinderstemme wat kersliedjies saam gesing het en foto's saam met kersvader, het verseker dat elke kleinkind weet ouma en oupa gee baie om vir hulle.

Sake op die landgoed het ook nie stilgestaan in hierdie tyd nie. Vanuit die bemarkingskantoor van MST is nuwe advertensieborde opgerig wat 'n ware weerspieëling van Negester weergee. Troeteldiere het 'n "ereplek" op die borde ontvang want op Negester is troeteldiere, honde en katte, welkom. Die enigste vereiste is dat troeteldiere nie sonder leibande mag rondloop nie en elkeen moet 'n "halssnoer" met hul eienaars se name en kontaknommer op, dra.

'n Finale skrywe in verband met die onderhandelinge met ATKV/-MST is aan die ontwikkelaar gestuur met die vooruitsigte dat 'n gespreksforum saamgestel word vir bespreking vroeg in Januarie 2022.

Daar kan gemeld word dat hierdie samesprekings die laaste poging van die HEV-direksie is om tot 'n vergelyk te kom. Die onderhandelinge sluit besprekings in wat handel oor agterstallige en uitstaande heffings, oordrag en registrasie van grond op die HEV se naam, registrasie van serwitute wat tans op ATKV se eiendom lê en sake in verband met die waterlisensie en gepaardgaande belasting daarop.

Brett Boyes (MST) het bedank om 'n beter pos elders te aanvaar en ons seënwense vergesel hom op sy nuwe pad.

Beplanning in verband met strategiese rigting en die ontwikkelingsproses van bedrywighede van die landgoed vind vroeg in Januarie 2022 deur die direksie en advieskomitee plaas. Hiermee wil ons die inwoners verseker dat hierdie besigheidsplanne nie blootgestel is aan risiko's wat nie deeglik deur bestuur ondersoek is nie en dat die planne oor die langtermyn volhoubaar sal wees.

Wense vir 'n voorspoedige 2022 aan elke inwoner en hul gesinne word u toegewens.

***Thinus, Laetitia en Johan.***

# DIE JAAGDUIWELS

**Fietsryers ry tans elke oggend om 07:00 vanaf die Njalastraatsirkel. Tye verander saam met die seisoene. Nuwe fietsryers is baie welkom om aan te sluit by die groep.**




# EK EN MY STOKPERDJIES

Hannetjie Yssel 261

Kyk die twee hanne, die hanne van my.die hanne het hard gewerk, hul was mos nooit vol geld nie, maar hulle kon bid inni kerk “Die hanne van Ouma Hannie, ja nee!”

Hierdie was die boodskap by die ingangsportaal van “Die Lady se suitcase”, waar my 90ste verjaardag gesellligheid gehou was.

Besige twee hande wat nooit stil is nie. Soos iemand eendag tereg opgemerk het: “Hannetjie, is daar iets wat jy nie kan doen nie?”

Twee geseënde hande en ‘n baie kreatiewe kop-dit is ek: Hannetjie Yssel!



Van kleins af het ek saam met my ma gekyk en geprobeer en geleer. Ook by die skool is ons meisies naaldwerk geleer; in die naaldwerkklas, seker van hier af is die liefde gekweek.

Ek hou myself graag besig met allerlei interessante, kreatiewe naaldwerk. Om ‘n paar op te noem:

Brei: As jong meisie het ek “uit-gebrei” vir mense. Glo dit, die betaling was ‘n ons wol vir ‘n ons wol se breiwerk. Tans is ek besig om ‘n tafelloper te brei. Ek brei op ‘n ronde naald en die patroonry waarmee ek nou besig is het 1400 steke. Neem nogal ‘n geruime tydjie om een ry te brei.

Ek het gedurende Covidtyd voor verlede jaar (2020) die Kerstoneelkarakters gebrei – *Sien foto.* Dit was heerlik en ek het tog te lekker lewe gegee aan elke karakter.

Hekel: Die het ek myself geleer, maar ek is nie so heeltemal vertroud met patroonlees nie.

Naaldwerk: Allerlei soorte mooi goedjies word gemaak soos byvoorbeeld nek-kussinkies, oulike vatlappies, teenette, tafelplekmatjies...ag en sommer nog ‘n klomp wat my hand vind om te maak. Nie meer klere maak nie, ek koop nou maar.

Kunsnaaldwerk: Hardanger, Spaanse Swartwerk, Borduur, Tapisserie, Kruisiesteek, Macrame. Tans is ek besig met die nuwe “in-ding” “Diamond dot art” en my blom lyk al pragtig!

Bak en Brou: Melktert maak is een van my spesialiteite. Ek geniet die maak van snoeperye en enige eetbederfies. Ek het onlangs my jonger sussie bederf met ‘n heerlike “high-tea” vir haar 85ste verjaardag. Ek lief resepte en lees dit soos ‘n storieboek.

Tuinmaak en blommerangskik: Dit is heerllik in ons mooi tuin – ek plant en snoei nog self en verder gee ek net “orders”. Vir baie jare het ek my eie tuin behartig. Ek lief blommerangskiking en my kop loop dan wye draaie...

My lewensmotto: Moenie sit nie, die tyd van sit kom...

My talente probeer ek uitleef en daardeur bewys ek my dankbaarheid teenoor my Skepper.

# Bakara Guest Farm

## 078 834 5596/083 351 6483

**Bakara Guest Farm bied verblyf aan vir oud en jonk, besoek ons gerus......,.**

**Besoek ook ons lekker Restaurant "Die warm Patat" daaglikse lekker maaltye en ook 'n lekker spyskaart om van te kies.....**

**Dan wil ons net dankie sê vir almal wat ons reeds ondersteun het**

**Beskikbare Verblyf Selfsorg**

*** 1Slaapkamer, badkamer, oopplan kombuis/sitkamer chalets slaap 2**

***8 Slaap Gastehuis(Villa Rosa)**
***6 Slaap Gastehuis (Ebos)**
***23 Kampterrein met krag- en waterpunte met 'n netjiese Ablusie**

**Ons winkel sal ook vroeg in die jaar oop wees**

# Dawie sê...



Die sagte sonstrale spring saggies van die blare af tot op die gras en huppel met ‘n sagte gelag in my kantoor in, ek kyk met ‘n dankbare glimlag oor ons landgoed uit en besef weereens dat God se genade onbeskryflik groot is.

Laasjaar het ek ‘n nuwe hoofstuk in my lewe hier op Negester begin, weer-eens deur God se groot genade, ek moes my gebed verander en het eendag

Sag gevra soos Jesus, Nie my wil nie maar U wil. God se plan het tot voltooiing gekom en nou so aan die begin van 2022 het ek die voorreg om ‘n paar woorde neer te pen.

Die dankbaarheid loop sterk deur my are as ek uitkyk en dink aan al die inwoners van ons pragtige landgoed, al die vriendelike groete, die vinnig hallo sê en raadgee oor so baie dinge. Dit is vir my werklik ‘n voorreg om deel te kon word van hierdie groep mense hier in die hart van die pragtige Bosveld. Die personeel het my soos ‘n ou bekende laat voel en die inskakel was soos om ‘n handskoen aan te trek... ‘n Baie groot dankie aan al die pragtige mense.

‘n Baie besige jaar het vinnig verbygesnel en saam met al die hartseer, die lag, die struikel en weer opstaan, hande vat en ‘n drukkie het ons almal weer die knie gebuig en Christus se geboorte herdenk. Kerstyd was weer herdenk met pragtige liggies om die huise en groot glimlagte. Dankie. Ons is ook geseën met baie reën, groen gras en blou lug... pure paradys.

In hierdie jaar wat voorlê is my wens vir elke persoon dat hulle die genade van ons God sal ervaar, dat almal ondersteun sal word deur Sy krag en almal die leiding van die Heilige Gees sal ervaar.

Kom ons hou die fokus op God en laat die Geloof groei.

Onthou: Daar is nie genoeg donker in die wêreld om die lig van een kers uit te doof nie... Laat julle ligte in hierdie nuwe jaar helder skyn.

Groete

*Dawie van Niekerk*

Landgoedbestuurder










## GESONDHEIDSORG FEBRUARIE 2022

**MAAK ASSEBLIEF VIR BESOEKE BUITE NORMALE KLINIEK TYE AFSPRAKE**

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>SALON MARIETA | 2<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 3<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 4<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>FISIOTERAPEUT<br>MIDDAE | 5 |
| 6 | 7<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>VOETSORG | 8<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>SALON MARIETA<br>OUDIOLOOG<br>MATTHYSEN | 9<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 10<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 11<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>FISIOTERAPEUT<br>MIDDAE | 12 |
| 13 | 14<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>VOETSORG | 15<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>SALON MARIETA | 15<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 17<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 18<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>FISIOTERAPEUT<br>MIDDAE | 19 |
| 20 | 21<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>VOETSORG | 22<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>SALON MARIETA<br>OUDIOLOOG<br>MATTHYSEN | 23<br>KLINIEK 7H30-9H30 | 24<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>GROEPWERK<br>10H00-11H30 | 25<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>FISIOTERAPEUT<br>MIDDAE | 26 |
| 27 | 28<br>KLINIEK 7H30-9H30<br>VOETSORG | | | | | Berading daagliks beskikbaar per afspraak<br>014-736-2580 |
| CLEOPATRA<br>VOETSORG<br>014-736 5884<br>082-876-5842 | HAAR SALON<br>MARIETA<br>081-340-2161 | OUDIOLOOG<br>MATTHYSEN<br>014-717-1139<br>072-477-1054 | KANSA - LID<br>NELLIE BUITENDAG<br>014-736-2725 | FISIOTERAPEUT<br>JACKIE HUISAMEN<br>014-736-5864 | KLINIEK<br>014-736-3364<br>014-736-2770 | GROEPWERK<br>ANNATJIE MOORE<br>014-736-2580 |

# SORG
# S E N TR U M

Die doel van hierdie artikel is om lig te werp op die veelbesproke sorgsentrum en die dienste wat op Negester gelewer moet word.

Die Sorgsentrum is op 11 April 2019 amptelik geregistreer as ‘n Residensiële Sorgfasiliteit ingevolge die Wet op Ouer Persone, (Wet 13 van 2006) artikel 18(1), Kategorie C fasiliteit (Frail Care). Dit beteken dat die sorgsentrum eintlik net primêr gebruik kan word met die doel om akkommodasie én ‘n 24-uur diens aan verswakte ouer persone te voorsien. Die definisie en beskrywing van ‘n Residensiële Sorgfasiliteit in Engels lees soos volg:” Frail care facilities where frail older persons who are not physically and/or mentally fit to perform activities of daily living independently, are being cared for on a 24 hour basis...”

Die Nasionale Norme en Standaarde vir Residensiële Sorgfasiliteite, met verwysing na die aanvaarbaarheidsvlakke van diens aan (verswakte) ouer persone, sluit onder andere in die (24-uur) dienste van ‘n geregistreerde diensverskaffer en verskaffing van drie gebalanseerde etes per dag.

Om net bogenoemde diens te kan lewer is ‘n volledig toegeruste kombuis met fasiliteite om bederfbare voedsel te kan stoor, nodig. Soos ons almal weet, beskik ons Sorgsentrum nie oor voldoende sodanige fasiliteite nie.

Met die terugvoer op die vraelys oor sorgdienste het 74% van die inwoners aangedui dat hulle bereid is om vir ‘n hoofmaaltyd te betaal en ook die minimum verpligte etes per persoon te bestel. Dit is belangrik om daarop te let dat die HEV geen verpligting het rakende die verskaffing van etes aan die inwoners, soos in die vraelys aangedui nie.

Die voorsiening van maaltye aan alle inwoners is m.a.w ook nie deel van die wetlike vereistes waaronder Negester Sorgsentrum geregistreer is nie. Die verpligting om maaltye te voorsien kom eers ter sprake wanneer die Sorgsentrum in gebruik geneem en deur verswakte ouer persone betrek word, en dan ook slegs om kos aan die inwoners van die Sorgsentrum te verskaf. Sou daar iewers in die toekoms `n situasie ontstaan waar die infrastruktuur van die Sorgsentrum sodanig ontwikkel is om etes te kan voorberei en daar verswakte bejaardes in die Sorgsentrum opgeneem kan word, sal die HEV sorg dra dat die gekontrakteerde diensverskaffer wel ook etes aan die inwoners van die Sorgsentrum kan verskaf.

Ofskoon die HEV-direksie nie ‘n verpligting het om etes te verskaf aan die inwoners (buite die Sorgsentrum) nie, is ons besig om met diensverskaffers soos ATKV, Lekkereet Etes Kombuis en Koffiehuis, Louis (groenkaravaan) en Rusoord te gesels oor moontlike verskaffing van etes aan inwoners.

Die HEV het voorleggings van onder andere bostaande diensverskaffers aangevra wat deur hulle geëvalueer sal word. Sodra al die besonderhede beskikbaar is sal dit aan die inwoners wat belangstel om hoofmaaltye te ontvang, deurgegee word sodat die inwoner sélf met die diensverskaffer kan kontak maak en reëlings tref. Dit word egter weer beklemtoon dat die HEV nie met enige verskaffer van etes gaan kontrakteer nie.

# SORG SENTRUM

In die lig van die groot getal nuwe inwoners wat die afgelope tyd ingetrek het in Negester word besonderhede weereens verstrek van die dienste wat by die Sorgsentrum gelewer word.

1. **Primêre Gesondheidsorg**:
Kliniekdienste is elke weeksdag beskikbaar vanaf 07h30 tot 09h30.
Kliniekbesoeke op ander tye van die dag geskied per telefoniese afspraak.
Die dienste wat deur n Geregistreerde Verpleegkundige aangebied word, behels die volgende:

- Bloeddruk monitering
- Wondsorg (beserings sowel as post-operatief)
- Toets van Bloedglukose en Cholesterol vlakke
- Uriene toetse
- Neem van bloedmonsters vir versending na laboratoriums
- Toedien van Griep-, Covid- en Vitamine inspuitings
- Ander inspuitings volgens voorskrif van mediese praktisyns
- Byhou van pasiënt-rekords
- Verpakking en beheer van medikasie van inwoners indien nodig
- Tuisbesoeke:
- Assessering van nuwe intrekkers en huurders
- Opvolg-tuisbesoeke een maal per jaar by alle inwoners
- Besoeke, soos versoek, deur inwoners bv. na groot operasie
- Noodgevalle in reaksie op noodknoppie
- Tuisverpleging:
- In gevalle waar ‘n tuisverplegingsdiens versoek word, word die nodige assessering gedoen en word die pasiënt (en familie) bygestaan met die verkryging van ‘n kwotasie van Medwell SA.
- Indien die kwotasie aanvaar word, word reëlings getref vir die plasing van ‘n versorger op ‘n 12uur- of 24uur basis.
- Beheer en toesig word oor die versorger toegepas.
- Covid-19: Dit is belangrik dat alle inwoners wat positief toets vir Covid-19 dit by die sorg-sentrum moet aanmeld, sodat statistieke bygehou kan word en ook om te weet wat die omvang van die siekte in Negester is.
  Covid-Positiewe pasiënte word ondersteun met betrekking tot medikasie en enige ander benodigdhede bv. suurstof of opname in ‘n hospitaal indien nodig.
  Mense wat met Covid -19 pasiënte in kontak was, word sover moontlik opgespoor en versoek om in kwarantyn te bly vir 10 dae.

2. **Apteekdiens**: Inwoners kan enige apteek in Bela Bela telefonies of per WhatsApp kontak met ‘n bestelling vir oor die toonbank sowel as voorskrif medikasie. Indien die bestelling voor 12h00 geplaas word kan die medikasie dieselfde dag vanaf 14h00 by die sorgsentrum afgelewer word en sal die inwoners in kennis gestel word wanneer dit daar afgehaal kan word. Betaling geskied elektronies of per kredietkaart, of inwoners kan ‘n rekening by die apteek open.

3. **Voetsorg**: Chinelle van Niekerk van Salon Cleopatra is elke Maandag vanaf 09h00 by die sorgsentrum beskikbaar vir Voetversorging asook vir Gesigsbehandelings. Afsprake kan by die sorgsentrum of by die salon telefoonnommer 0147365884 of sel: 0828765842 gemaak word.

4. **Haarkapper**:
Marieta van Salon Marieta is elke Dinsdag vanaf 08h00 tot 15h00 by die Sorgsentrum beskikbaar. Skakel haar by tel nr 0813402161 vir 'n afspraak

5. **Oudioloog**:
Cornelia Matthysen van Matthysen oudioloë is elke 2de Dinsdag vanaf 9vm tot 1nm by die sorgsentrum om gehoortoetse te doen, sy doen ook passings van nuwe gehoorstukke, sowel as die herstel en diens van gehoorstukke. Afsprake met haar moet by die sorgsentrum gemaak word.

6. **Pastorale Berading**:
Dr. Annatjie Moore bied Pastoraleberading by die sorgsentrum aan. Afsprake kan by haar gemaak word, by tel nr 0147362580.

7. **KANSA**: Verskeie kankeropsporingstoetse word 1x per jaar deur KANSA personeel by die sorgsentrum gedoen.

8. **Fisioterapie**: Jacky Huisamen sal vanaf 7 Januarie 2022 begin met fisioterapiesessies op Vrydae namiddae op 'n afspraakbasis. Afsprake moet asb. by die sorgsentrum gemaak word.

Delia Venter
Gesondheidheidsorg Bestuurder

# Viets & FIKS

## Bordspele

Ons het net begin om elke eerste en derde Donderdagmiddag van die maand speletjies te speel op die klubsaal se stoep, toe Covid al ons planne tot stilstand bring.

Ek gaan weer in die nuwe jaar poog om speletjies-Donderdae op dreef te bring.
U sal op die inwonersgroep inligting in dié verband ontvang, sodra ons voel dis weer veilig om lekker om 'n tafeltjie te sit en kuier.
Groete,
Mary-Ann Venter

## Tennis

Tennis is een van die sportsoorte wat lank beoefen kan word. Jonk en oud geniet die buitelug en aksie op die baan. Om van die tergery en kwinkslae nie eers te praat nie! Boonop is dit covid- "vriendelik" aangesien spelers ver van mekaar beweeg.

Tans is daar min spelers wat van die geriewe gebruik. Ons wil een en almal, wat 'n raket kan swaai, uitnooi om te speel.

Spelers sorg self vir tennisballe. Ook reël spelers onder mekaar watter dae en tye om te speel. Ons speel vir die oefening en genot daarvan.

Die bane word nie gesluit nie, enige speler kan daarvan gebruik maak. As speler neem ek ook die vrymoedigheid om te vra dat die bane se oppervlakte nie beskadig word deur dit vir enige ander doel te gebruik nie.

Wilna v Zyl.
Huis 234.

# Viets & FIKS

# PILATES

Alle belangstellendes is welkom om saam te kom oefen op Dinsdag- & Vrydagoggende tussen 08:00-09:00 in die klubsaal.
Oefening is gratis.
Trek gemaklike klere aan.
Jy benodig die volgende:

- Oefenmat
- ‘n Plat rekband
- Ligte handgewiggies (vir later)

Indien jy wil saam oefen, gee asb. jou naam en selnommer deur na Trish by sel:0723808335
Nodige dokumentasie rakende die voordele van pilates sal aan u beskikbaar gestel word. Trish

# JUKSKEI

Die jaar 2020 skop af met ‘n groot gejuig. Op 22 Feb. bied ons saam met die markdag ‘n suksesvolle Jukskeitoernooi aan. Die COVID neem in Maart oor, maar net voordat ons tot stilstand gedwing word speel ons by ‘n uitnodigingsdag op 21 Maart by Shammah. Hierna kom als tot stilstand, maar die inperkings bly moeilik. Dit was nie lank nie voordat ons weer in die oggende speel. Die jaar sluit stil af met ‘n wedstryd by die Oog einde Nov. 2020.

Die Negestermense bly egter positief en speel deurlopend in die oggende. Die afgelope jaar (2021) het ons 3 uitnodigings gespeel met die laaste ons eie markdag van 27 November.

Die jaar word afgesluit op 1 Desember met ‘n gesellige braai en so bietjie toekomsbeplanning. Die volgende spelers word benoem om 2022 voor te vat, nl. Hannes, Buks en Andy.

Jukskei is ‘n baie gesellige, sosiale sport en almal word genooi om in die oggende om 7 uur saam te kom gooi. Dit is vir oud en jonk en ons almal het ‘n bietjie oefening nodig. Jy sal sommer gou-gou soos ‘n kampioen gooi.

Jukskei groete
Flip Snyders

# TAFEL TENNIS

Gedurende September 2020 het ‘n paar mense van Negester besluit om ‘n tafeltennis-speelgroep op die been te bring. Met die insette van veral Hannes Adendorff het die huiseienaarsvereniging twee tafels, ekstra spane en balle geskenk en die klubsaal beskikbaar gemaak om te speel.

Sedertdien het daar ‘n sterk groep van ongeveer 14 persone ontstaan wat elke Dinsdag- en Donderdagmiddag om 3uur bymekaarkom om te speel. Aangesien ons ‘n informele speelgroep is, is daar nie formele strukture soos voorsitters en dies meer nie. Kommunikasie word hoofsaaklik per Whatsapp gedoen. Om op die groep te kom vra ons ‘n nominale R50 wat vir ‘n jaar geldig is. Die fonds word aangewend soos besluit deur die groep.

Daar word informeel tafeltennis gespeel, enkels, dubbels en ons unieke 2 teen 1 spel. Daar kan gevolglik maksimum 8 spelers op dieselfde tyd speel op die twee tafels. Die spelers ruil gereeld sodat elkeen kans kry om teen ander teenstanders te speel. Daar is geen formele kleredragreëls nie. Gemaklike skoene, wat goed kan vastrap, word egter aanbeveel. Tafeltennis is baie goeie oefening en terselfdertyd groot pret! Die meeste van ons het vir baie dekades nie die sport beoefen nie, en sommiges het pas begin.

Om te begin speel... daag net op!

Piet van Zyl

# Viets & FIKS

# Putt-Putt

Die grootste verskil tussen Mini golf en Putt-putt is die manier van spel en die puntetelling.

**Minigolf**

- Het ŉ moeiliker baan met moeiliker hindernisse op ŉ meer rowwe terrein met hellings, ensovoorts.
- Dis ŉ uitdagende spel wat jou aanspoor om die baan so te leer speel dat dit tot jou spel-voordeel sal strek. Jou speelvaardighede word ingespan.
- Alle spelers slaan hul eerste hou. Die persoon verste vanaf die putjie slaan dan eerste sy tweede hou. Die “par” op die putjie wissel van 2 tot 6.

**Putt-Putt**

- Gewoonlik is die baan maklik en gelyk met hier en daar ŉ hindernis of pyp wat die bal na die gat stuur.
- Die persoon wat eerste afslaan voltooi die baan totdat die bal sink, dan mag die volgende speler eers begin speel.
- Die “par” is ŉ maksimum van twee houe per putjie.
- Dit is ŉ vinniger spel maar, minder interessant.

Het jy geweet die naam “Putt-Putt” is afkomstig van ŉ dorpie in Noord-Carolina, Amerika naamlik Fayetteville? Dan Clayton het reeds in 1954 kopiereg op al sy speletjiesarkades en Putt-Putt-bane geplaas. Al sy bane word volgens sy hoogstaande standaarde ontwikkel.

By Negester het ons ŉ baan wat netjies in stand gehou word. Die baan is volgens die natuurlike kurwes gebou. Die baan komplementeer die omgewing en soos daar in Engels gesê word: “The course blends in with the natural surrounding environment.” Daar is sewe putjies om te speel, sommige ŉ lekker uitdaging! Die baan lê NW agter die HEV kantore.

Jy benodig:

- Sonhoed
- Gemaklike stapskoene
- Waterbottel
- Eie “putters”
- Eie golfballe

Jy speel wanneer jy wil en saam met wie jy wil. Die reëls en puntekaarte kan jy kry op Google.

Gewonder hoekom daar oor Minigolf en Putt-Putt geskryf is?


Kom speel die baan en besluit self watter naam jy die baan sal gee...

Kom ons maak meer gebruik van hierdie buitelug-lekkerte en word sommer fiks in die proses.

Inligting: Chris Rademan
Gusta Hoare

# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

**AANGEBIED DEUR NSB**



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg asb by u boodskap Negester.

nsb
NATIONAL SATELLITE BROKERS
SHORT TERM INSURANCE BROKER

**TROTS GEASSOSIEER**

New National, Hollard, Constantia, Compass, momentum, Bryte, western, Mutual & Federal, absa, 1st for women, Old Mutual Insure, unity, Santam, Discovery, Centriq, auto general, King Price

Devander House
298 Stokkiesdraai Str
Erasmusrand, Pretoria, 0181
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za
Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiele diënste, FSP no: 16908

# Viets & FIKS

## BIOKINETIESE- EN WATEROEFENINGE

Gedurende die ondersoek na die gebruik van ons sorgeenheid het ons ŉ besoekende argitek gehad wat ons raad gegee het. Die argitek Ronel Fourie, wat spesialiseer in aftreeoorde, het onder andere aanbeveel dat ons ŉ opelug gimnasium ontwikkel. Die gesondheidsorg komitee het navorsing hieroor gedoen en gevind dat dit nie die oplossing vir Negester is nie. Daar is te veel risiko's aan verbonde wat insluit die moontlikheid van beserings, asook die onbruik wanneer die weersomstandighede nie geskik is nie.

Die Gesondheidsorg komitee het besluit om die leiding van ŉ biokinetikus te verkry. Sy het ŉ hele reeks oefeninge vir ouer persone aanbeveel. Sy het ons drie maal besoek en gevind dat ons op ons eie met oefeninge kan aangaan omdat ons opgeleide persone in ons midde het om leiding te neem. Charlotte Burger het ingewillig om die klasse aan te bied Sy is ŉ opgeleide instruktrise wat ook wateraërobiese oefeninge kan aanbied

Op die oomblik oefen ons twee keer ŉ week op Maandae en Donderdae van 8:00 – 9:00. Ons getalle wissel afhangende die tye van die jaar.

Biokinetiese- en water oefeninge kan deur enige persoon beoefen word en is veral geskik vir ouer persone en persone wat van beserings herstel. Hierdie oefeninge verbeter beweeglikheid, koördinasie, balans, gewrig-buigsaamheid en help om spiere te versterk. Namate jou oefensessie goed verloop en jy van al die spinnerakke in jou kop ontslae geraak het sal jy verfris en ontspanne voel en sal jy uitdagings beter hanteer. As daar by jou twyfel is of jy liggaamlik in staat is om die oefeninge te doen, raadpleeg jou huisdokter voor jy begin.

Een maal per week oefen ons in die saal met musiek en daar heers ŉ baie ontspanne atmosfeer. Ons het baie pret en jy doen net die oefeninge wat jy in staat is om te doen. Die ander dag doen ons water-aërobiese oefeninge. Ons maak tans van Klein-Kariba se swembad gebruik Ons eie swembad is nie geskik vir die soort oefeninge nie omdat hy te vlak is.

Dis baie belangrik vir ouer persone om oefeninge te doen. Hoekom werk oefening vir ouer persone?

- Verbeter beendigtheid
- Verhoogde spiermassa – hoe meer beweeglik sal jy bly
- Verbeter bloeddruk, hartsiektes, cholesterol, ens.
- Hou jou lyf soepel en sterk
- Verbeter lewensgehalte
- Gereelde oefening laat jou beter slaap en minder gespanne voel en help jou om stres beter te hanteer

Kom oefen saam met ons, jy gaan stukke beter voel en die huppel in jou stap terugsit.

Jy benodig:

- ŉ Oefenmatjie
- Rekke
- Noedels

*Hannie en Charlotte*

# WYNGILDE

Ons het geleer HOOP in 2021 want ons het baie geleer van Covid 19 en van leef.....vlak 4...vlak 3...Vlak 2 vlak vlak vlak.....

En daar breek lente 2021 toe tog aan!!

Die wynvriende hou die kalender dop..... Op 15 September word met "glasies – borrels" en "kouende- kake" die sprong gewaag om lewe te vier. Ons oë blink, ons voel nuwe lewe ons sien weer 'n toekoms en ons HOOP, ons voel word al hoe groter: Ons klink glasies en geniet ons voorregte!

Ons kuier rondom Vonkelwyn:

Vonkelwyn is 'n "leen–vertaling vanaf die Engelse taal: "Sparkling Wine."

Wat is Vonkelwyn en wat is Sjampanje?

**VONKELWYN:**

- Vonkelwyn is n tafelwyn wat met gisstowwe aan 'n tweede gistingsproses onderwerp word.
- Borrels van koolstofdioksied word by die wyn gevoeg.
- Dit is die borrel, bo en behalwe die unieke smaak en voorkoms, wat vonkelwyn verhef tot 'n heel ander klas as enige wyn.
- LW: Alle sjampanje is vonkelwyn, maar nie alle vonkelwyn is sjampanje nie.

**SJAMPANJE:**

- Sjampanje is 'n historiese tipe vonkelwyn, met hoë produksiekoste en hoë geldwaarde.
- Dit is 'n spesifieke vonkelwyn eksklusief in die "champagne"–streek in Noord-Frankryk vervaardig.



Dit is die TOP-NAAM vir spesifieke vonkelwyne.

SOMMER NET INTERESSANT OM TE WEET:

Die beskrywende kleur wat by vonkelwyn pas:

- Helder, Lewendig, Strooi, Geel.

Beskrywende geure wat by vonkelwyn pas:

- Sitrus, Blomme, Beskuitjie, Heuning, Gisserig en Parfuum-agtig
- Die Britte produseer in 1662 die eerste vonkelwyn
- Vonkelwyn kan vir tot 3 jaar na die vervaldatum nog gebruik word, mits die bottel onoopgemaak bly
- 125ml vonkelwyn bevat ongeveer 100 kalorieë

As jy dan wonder waarom jy als gemis het, hou die kommunikasiegroepe dop en gee jou naam en kontakbesonderhede vir die Wyngilde – Sameroeper: Alida Meyer 0716096705 OF Piet van Zyl 0827758573 sodat jou naam op die wynvriende-groep geplaas kan word.

Cheers!

NB: Moet nooit n heildronk met water instel nie! Wonder hoekom nie....

Gusta Hoare
Sosiale Komitee



# LEER KEN VIR...

## Dawie van Niekerk



*Verjaardag*: 17 April
*Jou eggenoot se naam:* Marilet
*Kinders:* Ruben 20jr, Kalinka 17jr, Janno 16jr
*Pos by Negester:* Landgoed bestuurder
*Gunsteling kleur?* Blou
*Gunsteling sportsoort?* Pluimbal
*Sportheld?* Roger Federer
*Gunsteling kosgereg?* Steak
*Gunsteling nagereg?* Malvapoeding
*Gunsteling outeur?* Robert Ludlum
*Wat geniet jy van sy/haar boeke?* Baie intrige, intelligente storielyn en akkurate plekke.
*Gunsteling TV-program?* Musiek – kyk nie regtig TV nie
*Wat is jou stokperdjies?* Boogskiet, stap, fotografie
*Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek?* Pilansberg / Krugerwildtuin
*Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is*: Kilimanjaro klim en met 'n makoro op die Okavango vaar.
*Wat maak jou hartseer?* As kinders en diere swaarkry.
*Wat maak jou gelukkig?* As ander mense met 'n glimlag van my af wegstap.

*Kies een woord:*
*Kos*: Warm
*Seisoen*: Winter
*Ry*: Vinnig
*Vakansie:* Binneland
*Persoonlikheid:* Ekstrovert

**nou toe**

# NOU...

*Afrikaanse spreuke en uitdrukkings*


## Awendrood, môre water in die sloot.

Betekenis:
Afrikaans: As dit die aand rooi in die weste is, kan 'n mens reën verwag.
Engels: Red sky at night is the shepherd's delight.

# Vars gedruk...

Dis die 24ste Desember, ek sit op my stoep en hoor hoe skaterlag die kinders by die swembad. Ander kinders ry met hulle fietse verby die huis, 'n traan loop oor my wang, my kinders kom nie die kersfees nie. My kleinseun het n nood blindedermoperasie gehad. "Ag kom ek bêre maar die kerskouse" sug ek, maar wag hier is iets in my kerskous.

Versigtig haal ek dit uit, dis 'n boek. Ek druk dit teen my vas, ruik daaraan en bekyk die buiteblad "LAASTE DONKERMAAN", deur Marissa Kleynhans.




Dit gaan oor Helena en die Namakwalandse mense. As dit nie reën in Namakwaland nie, dan kry die mense swaar. Almal soek aanvaarding, liefde en 'n veilige huis. Kan die ouers dit vir hulle kinders gee? Op 16 ervaar Helene die bitter nasmaak van liefde. Ons kan almal iets uit die boek leer.

Die kersliggies en blinkers is weggepak tot volgende jaar. Kom ons fokus om ander die jaar te help wat hartseer, eensaam en alleen is.

Groete van my stoep na jou stoep.

*Carol Vosloo*



# Sekuriteit

**‘n PAAR VEILIGHEIDSWENKE**

Kom ons kyk na ‘n paar algemene veiligheidswenke, wat veral nou belangrik is.

- Skelms is meer bedrywig oor druktye en sit om elke hoek en draai met n plan in die kop.
- Ek hoop almal het onlangs gekyk na die video op die Inwonersgroep van hoe skelms jou voertuig oopmaak terwyl jy nie kyk nie. Wees paraat, kyk na jou voertuig terwyl jy hom sluit en as enigiemand daar naby verby loop terwyl jy sluit, gaan maak eers seker of hy nie dalk die handvatsel opgelig het in die verbygaan nie.
- Ek praat heeltyd van ‘n hy, maar onthou die SY is deesdae net so betrokke. ‘n Skelm is ook nie noodwendig ‘n onvriendelike, nors persoon nie, hulle is gewoonlik die netjiesste en vriendelikste persoon, wat die verrassingselement soveel groter maak.
- Wanneer jy inkopies doen, moet nie jou aandag laat aftrek deur iemand wat teen jou stamp, iets snaaks doen of vra dat jy iets van ‘n hoë rak afhaal nie, want as jy weer kyk, is jou beursie uit jou handsak of trollie gesteel. Moet ook nie jou handsak/”man bag” onbewaak in die trollie laat nie.

**NEGESTER-WENKE**

- Huishulpe word met verloop van tyd vervang weens verskeie redes. Dra sorg dat enige verandering van huishulpe sonder versuim aan die HEV gerapporteer word, anders kan daardie vorige werker met ander idees die landgoed binnekom. *Selfone bly ‘n groot probleem, aangesien dit in die meeste gevalle baie persoonlike inligting bevat wat vir die skelm tot groot voordeel strek as dit van jou gesteel word. Wanneer jou selfoonnommer, om watter rede ookal, verander, lig die HEV sonder versuim in sodat dit van die groepe verwyder kan word, selfs al is dit lankal verander, want so ‘n nommer word weer mettertyd aan iemand anders toegeken en hy/sy sien dan al jou groepies se inligting.
- Wees oplettend en wees paraat. Moet nie deel van die statistieke word deur onverskilligheid nie. Praat oor dinge en neem eienaarskap as iets nie reg lyk nie en meld dit aan wanneer dit ‘n gevaar mag inhou, jou identiteit sal te alle tye beskerm word.
- Moet asseblief nie brandpaaie of noodtoegangspaaie met plante/klippe, ens. bedek of dit versper deur tierlantyntjies aan te bring nie; in ‘n geval van nood moet die verantwoordelike persone die probleemgebied vinnig en sonder moeite kan bereik.

Ons hoop almal het ‘n geseënde en insident-vrye Feestyd gehad.

Nood- en Sekuriteitskomitee

# Boom van die Jaar 2022

Deesdae is daar nie net een nie maar drie, Bome van die Jaar: ‘n Algemene Boom, ‘n Boom vir Promosie en ‘n Boom vir Waardering. Die Algemene Boom het altyd ‘n wye verspreiding en kan maklik gekweek word. Die Boom vir Promosie is gewoonlik nie so volop nie, maar tog nie ongewoon nie. Die Boom vir Waardering is ‘n boom met beperkte verspreiding en ‘n baie spesifieke habitat.

Hierdie jaar is die **Algemene Boom** die ***kannabas***, “pompom tree”, *(Dais cotinifolia).* Hulle kom nie by ons in die veld voor nie maar, hier is al ‘n paar in tuine op Negester geplant. Dis ‘n klein tot middelgroot boom met trosse pragtige pienk blomme wat ongelukkig ‘n baie kort blomtyd het. Sou mens skielik ‘n tou nodig hê, kan jy sy bas stroop en dit daarvoor gebruik.

Ons is so gelukkig dat die **Boom vir Promosie** by ons in die Bosveld baie algemeen voorkom en dit is die huilboom, “***African wattle***” *(Peltophorum africanum)*. Alhoewel boomboeke sê dat dit ‘n klein tot middelgroot boom is, is hier ‘n paar reuse eksemplare op Negester. Die blare is veeragtig, dit lyk dus soos ‘n doringboom, maar huilbome het gelukkig nie dorings nie. In November is dit baie maklik om hulle uit te ken, want hulle is oortrek met goudgeel blomme. Hulle word skynbaar huilbome genome, want sekere tye van die jaar kom daar groot getalle sapsuiende besies op die takke voor en hulle skei feitlik skoon water af wat die boom laat “huil”. Ekself het dit egter nog nie hier beleef nie, dalk kom die besies nie hier voor nie. Hier by ons groei hierdie pragtige bome maklik en vinnig.

Die **Boom van Waardering** is die ***kokerboom***, “quiver tree”, *(Aloidendron dichotomum).* In die natuur kom hulle slegs in woestyn- en halfwoestyngebiede voor. Hulle besondere groeivorm met dik stamme en digte, geronde krone, maak dat ons almal seker weet hoe ‘n kokerboom lyk. Die sagte takke is vroeër as kokers vir jagpyle gebruik terwyl uitgeholde boomstamme dikwels as koelkaste gedien het. Die boom is op SANBI se rooi lys van bedreigde bome.



Huilboom

Dus, drie Bome van die Jaar vir 2022: die kannabas, die huilboom en die kokerboom


Leonora

***Spreuke uit C.J. Langenhoven...***

*Vriendskap:*

*“Die ware vriendskap, nou, is nie te koop nie; want vriendskap vind nie sy lus in neem nie, maar in gee.”*

# Reënval




Antwoord: So terloops. . .
643 besoekers

# Lyndanse

'n Aantal Negester dames is reeds 'n geruime tyd besig om lekker te lyndans. Dit is alles te danke aan Annette Swart se inisiatief om 'n groep belangstellendes en 'n knap dans-onderwyseres, genaamd Marie, aan mekaar voor te stel. Hennie en Annette het hul dubbel motorhuis beskikbaar gestel vir dansklasse elke Maandag en ons kon al spog met 'n paar danse tydens die klubsaal se inwyding-seremonie.

Die spasie en gerief van die nuwe klubsaal het daartoe gelei dat ons groep 'n hele paar nuwe lede bygekry het en ons het ook sommer besluit om Maandae en Vrydae klasse by te woon. Ons is baie trots op die feit dat ons tans al heelparty gevorderde danse bemeester het.

Ons word ook gereeld genooi na byeenkomste saam met ander dansgroepe wat ons baie geniet en hoop om in 2022 ook so 'n byeenkoms in ons klubsaal aan te bied.

Die omgee en samehorigheid tussen ons klomp is kosbaar en ons kan getuig dat ons goeie oefening kry op maat van musiek met die gepaste voetwerk.

Voorwaar groot pret!

# Uit Grootjie se kombuis

**(NB. Taal- en spelreëls soos uit Grootjie se resepteboek)**

**Tuis Gemaakte G.Stroop.**
Smelt 3pd suiker oor 'n ligte vuur tot goud-bruin.
Roer aanhoudend.
Gooi 7 K kook water 1 t sout en 1 t kremetart by.
Kook todat stroop dik genoeg is.

**Tuisgemaakte Sjampanje**
12 botteltjies Lemoenade
2 botteltjies Wit wyn
2 groot pynappels geskil en gerasper
Meng en laat twee daëstaan
Gooi deur 'n sif en bottel

**Tuis Gemaakte Bakpoeier**
10 onse maizena
8 onse kremetart
4 onse koeksoda

*Sif alles 4-5 keer saam, en sit in lug digte blik*

# KOM NEEM DEEL

| SPORT/ONTSPANNING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
| 06:00 - 07:00 | | | | Manne bid-uur | |
| | | | | | |
| 7:00 - 9:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| | | | | | |
| 8:00 - 9:00 | Biokinetika | Pilates | | Biokinetika | Pilates |
| | | | | | |
| 8:30 - 9:30 | | | | | |
| | | | | | |
| 09:00 - 10:00 | | | | | |
| | | | | | |
| 10:00 - 11:00 | Lyndans | | | | Lyndans |
| | | | | | |
| 11:00 - 12:00 | | | | | |
| | | | | | |
| 12:00 - 13:00 | | | | | |
| | | | | | |
| 13:00 - 14:00 | | | | | |
| | | | | | |
| 14:00 - 16:00 | | Naaldwerk | | | |
| | | | | | |
| 15:00 - 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

# Veer in jou hoed

*Henk Kruger*

Ek het gemerk dat mense hulp en inligting vra by mede-inwoners hier in Negester en dan word hulle soos blits deur ingeligte ouens gehelp en van inligting voorsien. Voorwaar `n groep kundige mense hier in Negester - `n versameling kennis soos op min ander plekke; wonderlik!

Nou net `n klein opmerking: *As ons iets soek is ons op soek daarna (twee woorde) en nie opsoek nie. As jou vriende in die omgewing van Bela-Bela is kan hulle jou gerus kom opsoek (een woord). Party mense kan ook `n woord in die woordeboek opsoek (een woord), of liewers naslaan.*

Vra maar as jy nie seker is nie. Hulp is gratis.

# Cansa sê dankie

Cansa is 'n nie-winsgewende organisasie en is afhanklik van donasies en skenkings om inkomste te genereer. Geen finansiële hulp word van die staat ontvang nie. Cansa maak gebruik van "volunteers" om fondsinsamelingprojekte te doen.

Fondse word aangewend vir:

- navorsing,
- gesondheidsversorging en hulpverlening aan kankerpasiënte
- bewusmakings veldtogte.

Die afgelope jaar is verskeie fondsinsamelingprojekte met groot sukses in Negester geloods: Potjiekos, Country Boogy, verkoop van "cupcakes", verkoop van hoede, sonblok ens. en inwoners was nie skaam om 'n bydrae te maak hetsy deur donasies, bywoning van funksies ens.

Dames van Negester is ook altyd gereed om behulpsaam te wees met dek van tafels, kosmaak en ook op te ruim na funksies.

Cansa wil die inwoners van Negester bedank vir hulle bydraes deur die jare en ondersteuning aan die volunteers in Negester.

***Laetitia en Nellie.***

# Kerssangdiens

Laat Donderdagmiddag, 2 Desember 2021, het ongeveer 100 inwoners die Negester Kerssangdiens 2021, aangebied deur die Sosiale Komitee, in die klubhuis bygewoon.

Rouel Beukes het die byeenkoms geopen met "I'll walk with God", waarna die res van die diens deur Herklaas Viljoen en Gusta Hoare gelei is met voorlesings, afgewissel met samesang van bekende kersliedere soos "Somerkersfees", "Herders op die ope velde", "Stille Nag" en vele ander. Dit was hoendervleis mooi om te luister hoe hartlik almal saamsing. Rouel het die "Christmas Hallelujah" gesing, waarna die speel van die Oorwinningslied die geleentheid afgesluit het.

Baie dankie aan die volgende persone, sonder wie 'n funksie nie kan plaasvind nie:

- ✰ Negester se dames wat hulself oortref het met die eetgoed wat voorgesit is vir die gesellige kuier agterna.
- ✰ Annemie vir die kostafels wat jy so mooi versier het in egte Kersfees-styl.
- ✰ Chris Prinsloo wat ons fotograaf was.
- ✰ Derek, Rouel, Herklaas, Gusta, Alida en Angus, julle het weer eens n pragtige kerssangdiens aangebied. Wel gedaan!
- ✰ Aan elke persoon wat 'n "geskenk" van toiletbenodigdhede en/of lekkernye gegee het, 'n baie groot dankie! Dit is wonderlik om te sien dat julle so 'n oop hand en hart het vir 'n goeie saak. Daar was genoeg om 'n pakkie met 2 of 3 items vir elkeen van die 17 mans en 71 vrouens van Warmbad Rusoord op te maak. Herklaas en Derek het dit op 8 Desember gaan afgee.

Mag elke inwoner 'n baie Geseënde Kersseisoen hê en mag 2022 'n voorspoedige jaar wees, gevul met vele mooi en kosbare oomblikke.

Sosiale Komitee

# STRAATMANEWALES

## Rooibossers

Ongeveer ‘n jaar en ‘n half gelede het ons deel geword van hierdie baie spesiale familie van ‘draad-’ en ‘stoepsitters’. Ons is welkom geheet met vriendelikheid, liefde en eet- en drinkgoed (en eet steeds wanneer ons ‘n

geleentheid kry.......................) Ons vier saam fees, kyk na mekaar wanneer iemand siek is en deel in mekaar se lief en leed.

Net om te verduidelik, die draadsitters woon langs die grensdraad van Klein-Kariba, terwyl die stoepsitters oorkant die pad woon. Hier woon voëlkykers, bekendes, minder bekendes, fotografie entoesiaste, mense wat lief is om te bak en brou (en uit te deel!), crafters en professionele twakpraters. Wanneer manlief kondensmelk steel, help die straat hom uit die moeilikheid en gee sommer ekstra ook vir toekomstige gebruik.

Ons luister na mekaar en praat net waar ons mekaar raakloop. Dis ‘n rykdom van interessante mense en hul wyshede. Hier is jy nes jy is en word ook so aanvaar. Kersfees was dit ‘n pragtige liggiestraat wat deur menige kleinkinders besoek is.

Word iets aangebied in Negester, sal Rooibossers dit verseker omtower in ‘n besondere gesellige geleentheid. Eerste om te arriveer en heel moontlik laaste om te vertrek. Ons woon verskriklik lekker hier ‘inibos’ op Negester en geniet elke geleentheid om nog nuwe bosbewoners te ontmoet.

‘n Wyse persoon het eenkeer gesê: “Kies jou vriende reg, want hulle koester jou drome en werk sag met jou hart.”

Rooibosgroete

***Albert en Neeltje Behrens (295)***







# Voël Van Die Maand

Gewone Paradysvink
Eng: Long-tailed Paradise Whydah
*Vidua paradisaea*
**Daar is eintlik niks gewoon aan die outjie – veral nie in broeityd nie!**

Die gewone paradysvink, *Vidua paradisaea*, is ‘n broeiparasiet wat hulle eiers in die nessies van die Gewone Melba (*Pytilia melba) of die Koningblousysie (Uraeginthus granatus) lê.* Die arme Melbas en Sysies het dan die verantwoordelik om die kleintjies saam met hulle eie groot te maak.

In die afgelope paar jaar is die Paradysvink net nou-en-dan op Negester gesien maar vanjaar het hulle in groot getalle opgedaag en skielik weer weggeraak.

Die gewone paradysvink leer van kleins af om sy pleegouers se roep na te boots en wanneer hy eendag groot is, lok hy wyfies met dié nagemaakte liedjies. Blykbaar verkies paradysvink-wyfies mannetjies wat die roep van haar pleegouers namaak. Die wyfie is stillerig.

Die mannetjies kan glo ander voëls ook naboots, maar verkies om dié wie se geluid hulle die beste kan naboots, te parasiteer. Interessant genoeg sal mannetjies ook vir wyfies van ander spesies vertonings hou. Verbastering met staalblouvinkies, *Vidua chalybeata*, is al opgeteken en in al dié gevalle kon die mannetjie ook soos ‘n staalblouvinkie roep.



Gewone Paradysvink Mannetjie in sy broeikleure
*Foto Dr Mich Veldman op Waterberg Bioquest*



Die wyfie. Jonges en mannetjies wat nie broei nie se veredos lyk ook so
*Foto: Wikipedia*

Kuikens in pleegouers se neste leer hoe om hulle snawels presies net soos die ander kuikens oop te maak en op dieselfde manier vir kos te bedel. Die gewone paradysvink vernietig nie die pleegouers se eiers nie maar, voeg bloot een tot drie wit eiers in die nessie by. Die paradysvink-kuikens is gewoonlik groter as die ander kuikens en het beslis ‘n voordeel as dit by voertyd kom.

Die poliginiese paradysvink sal met 10 tot 12 wyfies paar. Hy verdedig ‘n gebied van ongeveer drie hektaar groot en elke wyfie sal op haar eie na ‘n pleegouer-nessie gaan soek.

Die wyfie hou die potensiële pleegouer vir ten minste 15 minute dop voor sy na die nessie toe sal vlieg om te gaan ondersoek instel. Die eiers broei na ongeveer 11 tot 13 dae uit en die paradysvink-kuikens verlaat die nessie ná 16 dae saam met die ander kuikens. Hulle is na omtrent 27 tot 30 dae onafhanklik.

Die broeiseisoen piek van Februarie tot Mei en dit is in dié tyd wat die mannetjie sy oordadige stert van ongeveer 23cm lank groei om die wyfies te betower. Die Paradysvink se naam verwys na dié veredos.

Die broeiende mannetjie se bodele en kop is swart, met ‘n geel agterkraag en pens en ’n kastaiingbruin bors. Die verlengde stertvere is styf, afgeboë en spits af tot ‘n punt.

Die nie-broeiende mannetjie, wyfie en onvolwassenes is bo-op grysbruin met ‘n naaswit kop wat swart gestreep is. Die voëltjies is 15 cm lank, weeg ongeveer 21 gram en hulle snawels is swart.

In die broeiseisoen bly die gewone paradysvink in groot swerms wat snags in bome slaap. Hulle verkies gemengde boswêreld, veral doringveld.

Paradysvinke vreet grootliks grassade op oop stukke grond, soos voetpaadjies, padreserwes en naby veekrale en water, en vul hulle dieet aan met insekte soos erdwurms, vlieglarwes, spinnekoppe, termiete en motte.

Jan van Biljon

# So Terloops...

*“Dit is nie die kwalitieit van die eet-of-drinkgoed nie, maar die kwaliteit van die gesprekke wat van ‘n besoek ‘n fees maak.” (Edward Claredon)”*

**Dalk is jy ook ‛n nuuskierige agie soos ek...**
*Dalk het jy ook gewonder hoeveel ingetekende besoekers was daar gedurende die Feestyd in Negester...*

**Neem ‛n raaiskoot...**
*Raai-raai hoeveel ingetekende besoekers was in Negester vanaf 10 Desember 2021 tot 10 Januarie 2022?*

***Die antwoord kan elders in Sterrelig gevind word.***

# UITNODIGING AAN JOU...

Geagte Leesvriend/in
Jy word uitgenooi om deel te wees van ‛n “leesfees”, ‛n “Sterreligfees”.

Om hierdie pret te beleef word jy gevra om ook jou insette te lewer in die “Sterrelig”.
Die maandblad vir inwoners word deur inwoners opgestel.
Kom wees jy ook deel daarvan.
**Hoe?** Stuur jou oulike, interessante artikels, wat dit ookal mag wees na die Redakteur van Sterrelig. Voor of op die 10de van elke maand.

Siedaar...! Jy is deel van die Sterreligfees!

Epos: riafourie05@gmail.com

‛n Oulike Chinese spreekwoord: “Na drie dae sonder lees word ‛n mens se gesprekke vervelend.”

*Wees gewaarsku!*

# MARKDAG

Negester se Markdag is gebore op 30 Nov 2019. Op 23 Februarie 2020 was ons bevoorreg om weer 'n Markdag te hou wat deel uitgemaak het van die inwyding van die klubhuis. En toe kom die nare gogga Covid en ons kon glad nie weer Mark hou nie

Gelukkig het dinge so bietjie beter begin word en ons was toegelaat tydens inperking vlak een om weer Mark te hou.

Negester se Markdag het met rasse skrede gegroei.

1ste Markdag 28 stalletjies

2de Markdag 42 stalletjies

En met groot trots kan ons hierdie jaar bekend maak dat ons gestaan het op 68 stalletjies.

Die oggend van die 27ste 04h00 (2021) het dit vreeslik begin reën en ons het almal asem opgehou dat die uitstallers gaan kanselleer. Maar gelukkig het net 6 uitstallers gekanselleer.

Daar was kuns, naaldwerk, klere en baie heerlike kosse asook 'n biertent, teetuin en nog vele meer. Ons was ook vermaak met heerlike musiek. Om nie te praat van die bedrewe Jukskeispelers nie.

Baie dankie aan almal wat die dag vir ons moontlik gemaak het. Baie dankie ook aan die HEV.

Die fondse van die stalletjies het 'n mooi bedrag van R11680.00 ingebring en dit is in die groeigroepe-Rekening inbetaal.

*Annatjie Ras*







